



## **CHIEF MARKER'S REPORT**

**SUBJECT:**

**AFRIKAANS – SECOND ADDITIONAL LANGUAGE P1**

### **1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE**

#### **QUESTION 1**

Van al die vrae het kandidate die beste in hierdie vraag gevaaar. 91% van kandidate het vlak 4 – 7 (meer as 50%) gekry. Van dié kandidate, het 54% vlak 6 en 7 gekry. Niemand het vlak 1 gekry nie en net 9% het vlak 2 en 3 gekry.

Alhoewel kandidate baie goed in hierdie vraag gevaaar het, het baie van hulle vraag 1.8 verkeerd gekry. Hulle het vraag 1.8 verkeerd vertolk en die meeste van die kandidate het vir die antwoord in die leesstuk gesoek en die sin: “Hy is die seun van ‘n gewone man wat in ‘n diamantmyn werk.” as antwoord gegee.

Die meeste van die kandidate het ook vraag 1.9 verkeerd beantwoord. Hulle kon nie (twee) redes gee hoekom dit lekker is dat niemand Ajax in Mauritius ken nie. Baie van die kandidate het net die laaste sin aangehaal, nl. “Daar is net genoeg om te doen en niemand daar ken vir Ajax nie.

#### **QUESTION 2**

By die beantwoording van vraag 2 het kandidate goed gevaaar. 76% van kandidate het meer as 50% (vlak 4 – 7) behaal en 24% het vlak 1 – 3 behaal. Net 6% het vlak 1 en 2 behaal.

Die meeste van die vrae is maklik deur baie van die kandidate beantwoord. Daar was wel ‘n paar van die kandidate wat vraag 2.5 verkeerd vertolk het. Die vraag was: “Sal jy vir die kompetisie kwalifiseer indien jy jou aansoek op 9 Januarie 2011 instuur?” Die kandidate het gedink dat hierdie vraag op hulself gerig is en daarom het hulle geantwoord: “Nee, ek sal nie in matriek/op skool in 2011 wees nie.”

By vraag 2.7 het baie kandidate die adres oorgeskryf i.p.v. net die stad, “Kaapstad”. Hulle het dus die punt verloor.



### QUESTION 3

Kandidate het swak in hierdie vraag gevaaar. Net 23% het vlak 5 – 7 behaal. 39% het vlak 2 en 3 behaal, terwyl 38% vlak 4 behaal het.

Baie van die kandidate het vraag 3.3 verkeerd gekry. Hulle het “maat” i.p.v. “ouer” gekies.

Amper al die kandidate het vraag 3.5 verkeerd beantwoord en dus 2 punte verloor. Hulle het nie redes gegee hoekom dit goed is dat daar verskillende TV-kanale is nie, maar hulle het 2 TV-kanale bv. SABC 2 en SABC 3 genoem.

### QUESTION 4

Kandidate het vanjaar baie goed in hierdie afdeling (opsomming) gevaaar. 65% het meer as 60% (vlak 5 – 7) gekry en 24% het vlak 1 en 2 behaal. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar vanjaar nie vir taalfoute en direkte aanhalings gepenaliseer is nie.

Dis goed om op te merk dat die meerderheid vanjaar die regte formaat (puntsgewys) gebruik het en ook dat hulle die getal woorde wat hulle gebruik het, aangedui het.

Daar is ‘n paar kandidate wat die aantal woorde aan die einde van elke sin skryf , maar hulle dui nie die totaal woorde aan die einde van hulle opsomming aan nie, hulle word dus gepenaliseer.

Woordorde en vermoe om hulle uit te druk bly steeds ‘n baie groot probleem by dié wat die opsomming in hulle eie woorde skryf.

Baie van die kandidate wat sinne uit die leesstuk aangehaal het , het punte verloor omdat hulle die verkeerde feite aangehaal het. Hulle het net stellings gemaak bv. Dis beter om te .../Rook is ‘n slegte gewoonte, in plaas daarvan om te sê wat jy moet doen of nie doen nie.

### QUESTION 5

By hierdie vraag (woordstrukture) het kandidate baie swak gevaaar. Net 9% het vlak 5 – 7 (meer as 60%) behaal, terwyl 57% vlak 1 en 2 behaal het en 34% vlak 3 en 4 behaal het.

Al was amper 50% van die vroeë keusevrae, het kandidate steeds baie swak gevaaar.

Die meeste van die kandidate het 5.1 (voorsetsel: in/op), 5.4 (spelling: fyf/vyf), 5.6 (afkorting: dr.) 5.9 (voornaamwoord: hy/hom), 5.13 (verkleinwoord: “seun”) en 5.18 (keuse: band/wiel) reg beantwoord.

Talle kandidate het die volgende vroeë verkeerd gekry:

5.2 (ander/anders),

5.3 (weet/ken)

5.5 (intensiewe vorm van “ryk”),



*Ikamva eliqaqambileyo!*

- 5.7 (teenoorgestelde van: “onderwyseresse”), baie van die kandidate het hier nie hulle antwoord, nl. “onderwysers” in die meervoud geskryf nie, dus het hulle die verkeerd gekry,  
 5.10 (een woord vir: “elke dag”),  
 5.11 (mervoud van: “waterdrom”),  
 5.12 (kruiwa/karretjie),  
 5.14 (moër/moeér),  
 5.15 (samestelling: “lewe + pad) en  
 5.19 (help/hulp).

**Leerkragte moet hierdie swakhede tydens klaslesse remedieer en uitskakel.**

### **QUESTION 6**

Al is daar by vraag 6 (sinstrukture) in baie voorbeelde bv. toekomende tyd, verlede tyd, ontkenning en lydende vorm net ontbrekende woorde om in te vul, het kandidate nog steeds baie swak gevaaar.

Net 17% van kandidate het meer as 60% (vlak 5 – 7 behaal) en 50% van kandidate het vlak 1 en 2 behaal. Die res (33%) van die kandidate het vlak 3 en 4 behaal.

Behalwe 6.5 (skryftekens) en 6.9 (ontkenning/ ...nie...nie.) het die meeste van die kandidate in amper al die verskillende sinstrukture gesukkel.

Dit is duidelik dat leerders nie genoeg oefening hieroor in die klas kry nie. Onderwysers moet baie aandag aan sinstrukture (sowel as wordstrukture) in klas bestee.

### **QUESTION 7**

Weereens het kandidate swak in hierdie afdeling, nl. Redigering gevaaar.

Net 14% van kandidate het vlak 5 – 7 gekry en 43% van kandidate het vlak 1 en 2 gekry, terwyl 42% van kandidate het vlak 3 en 4 gekry.

Die meeste van die kandidate het die volgende voorbeelde veerkeerd gekry:

- 7.1 Woordorde (“het” skuif na einde van sin”),
- 7.3 Verbetering van spelfout (onmiddelik),
- 7.5 Voornaamwoord (sy/haar),
- 7.6 Die infinitief (deel “te” neem),
- 7.7 Woordkeuse (wat/wie),
- 7.8 Woordkeuse (glo/belowe) en
- 7.9 Woordkeuse (erken/herken)

### **QUESTION 8**

Soos in die verlede, het amper al die kandidate by hierdie vraag nie verstaan wat van hulle te wagte was nie. Dit is duidelik (van leerders se respons) dat

daar by amper al die skole waar Afrikaans as tweede-addisionele taal aangebied word, nie hierdie afdeling (Kyk en Kommunikeer) onderrig nie. Dit word elke jaar getoets, dog is daar geen oefening in die klas gegee nie.

Net 16% van kandidate het vlak 4 – 7 (meer as 50%) behaal, terwyl 79% vlak 1 en 2 behaal het.

Baie van die kandidate het net woorde van die “situasie” en “opdrag” oorgeskryf wat onsin gemaak het. As gevolg hiervan het baie kandidate (60%) nul gekry.

Leerkragte moet leerders oefening (mondeling sowel as skriftelik) gee in “Kyk en Kommunikeer” om te keer dat ons sulke verskriklike respons van kandidate in hierdie afdeling in die toekoms kry.

### QUESTION 9/10

Weereens het kandidate uiters swak in Afdeling D (Letterkunde) gevaaar. Dit is baie duidelik dat daar wel skole wat nie die kortverhale behandel nie of wat dit nie in detail behandel het nie, want daar was baie kandidate wat nie eens die name van die karakters of selfs die storielyn geken het nie.

Net 13% van kandidate het meer as 50% (vlak 4 – 7) behaal. 60% van kandidate het vlak 1 behaal en 27% van kandidate het vlak 2 en 3 behaal.

Onderwysers moet die kortverhale deeglik in die klas behandel en die karakters en storielyn bespreek en verduidelik. Leerders moet mondeling sowel as skriftelik hieroor getoets word.

Daar was wel kandidate wat hierdie kortverhale (Nag by die drif/n Man kom huis) met ander kortverhaal verwarring het, want hulle het oor “Willem” en “n geel motortjie” ens. geskryf.

## 7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

Leerkragte moet verseker dat leerders bewus is van die nuwe memo vir die skryf en nasien van die opsomming. Kandidate kan al 7 sinne aanhaal en daar word nie vir taalfoute gepenaliseer nie. Hulle moet ook daarvan bewus gemaak word dat daar ‘n toelating van net 5 woorde is.

Leerders moet (soos daar alreeds in die verlede gesê is) aangeraai word om te lees, lees en lees. Die waarde van lees kan nie onderskat word nie.

Hierdeur kry hulle nie net nuwe idees om te skryf nie, maar dit help ook tot die verbetering van hulle woordeskata en taalgebruik (sinskonstruksie).

Leerkragte kan leerders hieroor

(romans/koerantartikels/tydskrifartikels/internetartikels ens.) tydens die mondelinge periode (of selfs as die res van die klas met iets ander besig is) toets om te verseker dat hulle lees.



*Ikamva eligaqambileyo!*

**Uit kandidate se respons is dit kristalhelder dat hulle begripsvermoe swak is, want hulle het baie van die begripsvrae glad nie verstaan nie. Hulle het net 'n woord/woorde in die vraag gesien en die sin met dieselfde woord/e uit die teks aangehaal (wat nie die antwoord was nie.) Kandidate moet geleer word om met insig te lees en ook geleer word hoe om die korrekt respons te gee.**

**Aandag moet ook aan die volgende aspekte geskenk word:**

- 1. Woordstrukture,**
- 2. Sinstrukture,**
- 3. Kyk en Kommunikeer en**
- 4. Letterkunde (Kortverhale).**

## **8. ANY OTHER COMMENTS**

**Leerkragte moet seker maak dat al die swakhede van vanjaar se vraestel by leerders onderrig en ingeskerp word, want hulle sal weer in die toekoms hieroor getoets word.**

**Sterkte!**